

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Jean de Brebeuf, St. Isaac Jogues & Metgeselle

## 19 Oktober

In die tyd van die Europese kolonisasie van Noord-Amerika is die inheemse Indiaanse bevolking maar al te gereeld deur die koloniste uitgebuit en van hul grondgebied verdryf. Tog was daar ook moedige sendelinge wat in dié era van oorlog en verdrukking die vredeliewende boodskap van Jesus Christus onder die plaaslike bevolking probeer uitdra het. In Kanada was dit veral die Franse Jesuïete wat groot gevare en ontberings ter wille van die Evangelie verduur het. Onder die Huron stamme het die werk van die sendelinge net begin vrug dra toe hulle deur hul tradisionele vyande, die Iroquois, aangeval en verslaan is. Die sendelinge wat onder die Huron gewerk het, is wreedaardig gefolter en op onmenslike wyse doodgemaak. .